DIE SKAKEL

NGK Rustenburg-Suid

Oktober 2020



'N BRIEF AAN DIE GEMEENTE

Stefan Saaiman

Liewe broers en susters in Jesus

Ja, wat 'n vreemde tyd waarin ons lewe. Wie sou ooit kon raai dat iets onsigbaars ons hele lewe so op sy kop kon draai? Een ding is verseker en dit is dat ons aardse sekuriteite toe nie eintlik sekuriteit is nie. Ons moes aanskou hoe alles om ons verander, ten goede of ten kwade.

Dit laat my dink aan die woorde van onse Here, wat vir ons sê dat ons geveg nie teen vlees en bloed is nie, maar teen bose geeste in die lug - ook 'n onsigbare geveg. Gelukkig het ons al die wapens van ons Vader gekry om teen die sigbare en onsigbare te veg.

So moes ons, as gemeente, ook inval by die beperkings en kon geen eredienste binne die kerk gehou word nie. Ds. Riaan het vir ons volledige eredienste aangebied wat op die kerk se webtuiste beskikbaar is. Dit was 'n eerste vir ons dominee en hy het hom puik van sy taak gekwyt. Met die verslapping van die inperking het ons besluit om inry-eredienste te hou - weer 'n eerste. Daar was selfs 'n nagmaal, doop en aanneming in die tuin langs die kerk.

Dit is verblydend om te sien hoe ons gemeentelede planne maak om die gemeenskap van gelowiges te ervaar. Ons word gedwing om nuut te dink oor alles wat ons aanpak. Dalk is dit nou die gepaste tyd om nuut te begin dink oor ons verhouding met Jesus. Daar is geen beter tyd as juis nou nie; om op te staan en te sê: "Ja Here, hier is ek, stuur my!"

En nou is ons in vlak 1 en hou ons vanaf 27 September uiteindelik weer dienste in die kerkgebou.

Kom ons vat hande en bou ons sekerhede om Jesus, want dit kan niemand van ons wegneem nie.

Groete.

Monique Wessels

en Wiehan Beukes

is Sondag, 30 Augustus 2020

gedoop. Monique het ook

belydenis van geloof afgelê.

UIT DIE WOORD DIT IS GOD WAT LAAT GROEI!

Ds. Riaan Steyn

Ek hou van 'n pragtige tuin met mooi, groot struike en blare met verskillende kleure: rooi, oranje, pers en geel. En van die fyn rantblommetjies, groot beddings, pragtige lente-blomme, waterbakke vir die voëls, genoeg koeltebome, mooi trapklippaadjies en groen gras.

Ek weet dat die tuinier verantwoordelik vir so 'n spogtuin, baie hard moet werk en moeite moet doen om die tuin netjies en mooi te hou – hy moet gereeld die gras sny, onkruid uittrek, die struike en blomme water gee en die droë blare bymekaar hark.

Wanneer ek na die gemeente kyk, is ons net soos 'n tuin. - Lidmate is soos pragtige lente-blomme en mooi koeltebome. Ons is die tuin waarin God ons aangestel het om te werk. God is die Groot-Tuinier en elkeen van ons die hulptuinier. God het ons geroep en aangestel om vir 'n tyd lank die tuin te versorg.

Sy Woord is die gereedskapkis; vol van die nodige gereed-skapstukke, byvoorbeeld al die verskillende verhale. Dit troos ons, moedig ons aan, waarsku ons, wys ons die regte pad, vermaan ons en herinner ons aan Sy wonderlike liefde en beloftes.

Wanneer God, die Groot-Tuinier, 'n werkopdrag aan ons gee om só of só te werk, of dít en dat te doen, kry ons riglyne in die gereed-skapskis om die regte *gereed-skapstuk* (woorde) daaruit te haal. Partykeer moet ons 'n grafie uithaal en hard spit sodat die harde grond van mense se harte los en sag kan word om die saadjies van God's Woord in te plant. Soms moet ons die snoeiskêr uithaal en saam met 'n lidmaat die sondetakke wat so wild in die lewe groei, afknip om reg te kan groei.

Ander kere moet ons kunsmis strooi (woorde vol geloofkrag om in die gemeentegrond in te werk) sodat ons geloof sterker kan groei. Ons moet ook ons gieter vol liefdeswoorde uithaal om Jesus se liefde, soos water uit 'n gieter, oor medegelowiges

te gooi om hulle te troos en te ondersteun.

Om vir ’n spogtuin te sorg, is harde werk, maar wanneer die Tuinier klaar gewerk het en na die tuin kyk, sien Hy hoe mooi die blomme groei, hoe skoon die beddings is en hoe die voëltjies rondvlieg in die tuin. Dan is Hy tevrede en bly.

Gemeente, wanneer ons as hulptuiniers na die wêreld kyk waarin ons leef, veral met die jaar wat soveel anders verloop as wat ons verwag, beplan of aan gewoond is, borrel my hart oor van dankbaarheid en blydskap, want ons is ’n pragtige tuin.

In 1 Korintiërs 3 lees ons: *4 "As een van julle sê: “Ek is vir Paulus,” en ’n ander: “Ek is vir Apollos,” is julle dan nie nog wêrelds nie? 5"Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het. 6"Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. 7"Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei."*

Die hulptuiniers is dus nie belangrik nie. Die tuin en die werk is belangrik en die Groot-Tuinier is belangrikste, want Hy beplan die tuin, gee die lewenskrag, en hou alles in Sy hand. Die hulptuinier, wat die werk doen, is nie so belangrik nie. God roep en gebruik verskillende hulptuiniers/dienaars om in Sy tuin te werk.

Elkeen van ons is ’n hulptuinier, en nie een is meer belangrik of spesiaal as die ander nie. God gee ons die voorreg om vir ’n kort tydjie in hierdie pragtige tuin te werk en dit te geniet. Niks in die tuin behoort aan ons nie; elke pragtige blom of struik of boom behoort aan die Here.

So het elkeen van ons, by wyse van spreke, die verantwoordelikheid om nat te gooi, grond los te maak, te plant, onkruid uit trek en te snoei. Maar die Here laat groei. Hy het aan ons lewe, 'n nuwe lewe, die ewige lewe, gegee.

Daarom is dit ’n voorreg dat ons ongelowige mense kan lei, ondersteun, troos, aanmoedig, liefhê en vermaan, maar dit is die Here wat mense in geloof vas aan Hom laat groei! Dit is Hy wat elke plantjie, elke blom, elke boom krag en lewe gee en elkeen van ons laat groei – **2 Korintiërs 5: 17** (*Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom*.) Dit is Sy handewerk!

Ons het in die tyd die voorreg om te sien hoe God se hand met krag werk, hoe groei en lewe in die lente, asof vanself, na vore kom en verander in ’n verander in ’n pragtuin. Ek is seker daarvan dat die Here ook na ons, as lidmate en gelowiges, as Sy tuin kyk en breed en tevrede glimlag, wanneer ons 'n mooi tuin is; skoon van die onkruid, reggesnoei; vol pragtige blomme en vrugte, vol van die Heilige Gees en Sy vrugte, al die plante en struike besig om sterk en regop te groei, volhardend op die geloofspad tot die einde.

Die Here, die Groot-Tuinier, roep hulptuiniers (soos wat Hy hulle nodig het) om in die tuin te kom werk. Nie een dienaar kan al die werk doen nie, nie een hulptuinier is bekwaam genoeg om al die werk perfek te doen nie; één spit en plant, die ander één gooi nat en gee kunsmis, die één snoei die struike reg, die ander één maak die beddings skoon van onkruid. Maar dit is die Here, die Groot-Tuinier, wat alles laat groei, nie die hulptuiniers nie.

In *Filippense 1:6,* lees ons 'n pragtige belofte van die Here: “*Hy het die goeie werk in julle begin, Hy sal aanhou met die werk en dit klaarmaak op die dag wanneer Jesus weer terugkom.*” Die Groot-Tuinier sal nie Sy tuin verwaarloos nie.

Tydens een van die inry-eredienste het ds. Riaan wit duiwe vrygelaat. So het Jesus ons ook vrygemaak van ons sondes.

DIENSVERHOUDINGE

Jeanette van Heerden

In 'n jaar vol vreemde situasies, is dit n voorreg om te kan vertel hoe dit met ons gemeente se personeel gaan.

Die personeel bestaan normaalweg uit die leraar, 'n saakgelastigde, 'n koster, 'n orrelis, 'n tuinwerker(s) en 'n skoonmaker(s). Sedert 2018 maak ons gebruik van 'n aflos-orrelis.

Baie dankie aan ons musiekmakers, wat soos nodig, ons eredienste vul met musiek

Die kosterspos is tans vakant; Willem Steyn het bedank.

Ons waardeer dit dat die saakgelastigde, Marie Williams, instaan waar nodig.

Ons tuinwerker het afgetree aan die einde van Maart 2020. Ria de Lange en 'n dagloner (Hans Mfuloane) is drie maal per week op die terrein om die nodige te doen. Ons is dankbaar vir hulle harde werk.

Marie Williams het tydens die inperking al die administrasie van haar huis af gedoen en was slegs Dinsdae en Donderdae in die kantoor. Sy het die korrespondensie en alle kommunikasie tussen lidmate en die kerkkantoor hanteer.

Ds. Riaan Steyn het in die inperkingstyd 'n aortaklepvervanging gehad, maar is na 'n maand se siekverlof weer op sy pos.

Tydens die inperkingstyd is boodskappe op ons gemeente se webwerf geplaas.

Ons is dankbaar dat ons vanaf 27 September weer dienste in die kerk kan hou.

Hierdie pragtige kiewiet het sommer 'n nes gemaak in ons parkeerterrein. Regs is die kiewiet se eiers. 'n Barmhartige Samaritaan (Jeanette van Heerden) het stene om die nes gepak om die eiers te beskerm.

FINANSIËLE OORSIG

Joseph de Jager

Die gemeente van NGK Rustenburg-Suid, verdien inkomste uit die volgende bronne:

- Maandbydraes
- Eredienskollektes
- Verhuring van eindomme op die terrein
- Tiendemaand dankoffer
- Fondsinsamelingsprojekte

Die uitgawes van die gemeente verteenwoordig die volgende:

- Salarisse
- Instandhouding
- Administratiewe uitgawes
- Water en elektrisiteit

Die inkomstes en uitgawes van die gemeente die afgelope drie jaar was as volg:

INKOMSTE EN UITGAWES

Jaar	Inkomste	Uitgawes	Surplus/ Tekort	
2017/2018	1 761 039	1 674 796	86 243	Surplus
2018/2019	1 723 389	1 788 346	-64 957	Tekort
2019/2020	1 741 028	1 748 207	-7 179	Tekort

Tydens die grendelstaattydperk het alle eredienste gestop as gevolg van die wetgewing wat geheers het. Hierdie het 'n baie groot invloed op die inkomste van die gemeente gehad. Geen eredienste is gehou nie en dit het meegebring dat geen eredienskollektes ontvang is nie. Baie dankie vir die gemeentelede wat gereeld hulle maandbydraes en eredienskollektes getrou elektronies bygedra het.

Die gemeente is tans besig met die verkoop van kos op Vrydae. Vandat die projek geloods is, tot en met Vrydag, 25 September het ons die bedrag van R 12 865.50 ingesamel. Baie dankie vir die persone wat hierdie inisiatief dryf. Graag nooi ons die gemeente uit om hierdie projek te ondersteun en voorstelle te maak van hoe ons fondse kan insamel.

Die beleid van die kerkraad is om geen uitgawes aan te gaan as ons nie die inkomste het nie. Ons verseker die gemeente dat geen uitgawes aangegaan sal word as daar nie geld in die bank is nie. Verskeie inisiatiewe word aangewend om instandhoudingskoste te bespaar. Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die persone wat instandhoudingswerk op die terrein doen te bedank. Hierdie persone doen dit sonder enige vergoeding.

In 'n tyd waarin alles wat vir ons voorlê so onbekend is, weet ons dat ons net op God kan vertrou vir leiding.

Ria de Lange, hard besig om kos te maak vir een van ons safari-etes op Vrydae.

Baie dankie vir al jou en jou helpers se harde werk en ook vir hulle wat bydraes lewer.

DIE EREDIENSBEDIENING

Abram Lourens

Met die staat van inperking moes daar baie inisiatief aan die dag gelê word. Ds. Riaan het die erediens op video opgeneem. Dit is op die webblad geplaas waar gemeentelede daarna kan luister of dit kan aflaai. Dit was goed ontvang. Inry-eredienste het 'n aanvang geneem en was baie goed bygewoon. Nagmaal, belydenisaflegging en die doop het vir die eerste keer in die buitelug plaasgevind.

Veranderings is ook in die kerk aangebring. Die projektors is verskuif en opgegradeer na ŉ nuwer model. Die vertoning van media op die projektorskerms is hierdeur aansienlik verbeter.

Dit was `n hartseertyd toe Eunice, wat jare lank haar talent as orreliste en haar passie vir musiek gebruik het om die gemeente te bedien, die gemeente verlaat het. Met die orrelispos wat vakant is, maak ons gebruik van aflosorreliste.

'n Woord van dank aan Karin Steenekamp wat haar talent gebruik om ons te begelei, sowel as vir Renchia Visser en Mala Kleinschmidt.

Ds. Riaan het 'n operasie ondergaan. Ons is dankbaar dat die Here hom bewaar het, dat hy baie goed herstel het en sy plek weer kan volstaan.

Ds. Riaan het ons weereens laat dink oor die betekenis van eeue-oue gebruike waarvan ons vergeet het, byvoorbeeld Aswoensdag. Hy het ook weer verwys na kleure en simbole soos kerse, die kruis en die doringkroon. Hierdie eeue-oue gebruike help ons om ‘n byna mistieke ervaring van God te beleef.

'n Hoogtepunt wat hierdie jaar nie kon plaasvind nie, was die lydensreis - 'n unieke geleentheid om Jesus se voetspore tydens sy reis op aarde te volg. Dit laat ons opnuut besef watter prys Jesus vir ons sondes betaal het.

Die erediensbediening het ook verskeie aktiwiteite geïnisieer. Onder leiding van die ondervoorsitter het voorbidding voor die erediens plaasgevind.

Die kleipotbediening het na die gebreektes in die gemeente uitgereik. 'n Selgroep het hieruit voortgespruit.

Met die bedanking van die voorsitter en ondervoorsitter van die erediensbediening, het 'n groot leemte ontstaan.

Ons bedank 'n ieder en 'n elk wat 'n bydrae gelewer het met die klank en die borde. Sonder julle sal eredienste en die aanbieding van ander geleenthede nie moontlik wees nie.

'n Spesiale woord van dank aan Abram Lourens, vir al sy harde werk met die webwerf en die klankbord.

Op die foto kan ons sien dat hy tydens die buitelugdienste, steeds getrou op sy pos was.

Abram, jy is vir ons goud werd.

KOMMUNIKASIE

Marie Williams
Juria Labuschagne

DIE SKAKEL

'n Gemeenteblad wat een maal per jaar verskyn.

DIE JUNIOR KRUISGENOOT

* Spesiaal vir die jeug
* Inhoud: Bybelteks van Sondag se diens
* Verjaarsdae
* 'n Lekker takie
* Ander

INLIGTINGSVORM VIR NUWE LIDMATE

Beskikbaar op die kerk se webwerf.

Na die inperking sal daar 'n klompie eksemplare in gedrukte vorm beskikbaar wees.

Inhoud: Inligting wat nuwe lidmate benodig om by die kerk se werksaamhede in te skakel.

DIE KRUISGENOOT

Verskyn weekliks, vir belydende lidmate, kerkreëlings
Inligting oor siekes en mense wat voorbidding nodig het
Verjaarsdae, ander

EIENDOMME

Marie Williams

Behalwe vir ons pragtige kerkgebou en groot saal (waarin die kerkkantoor ook geleë is), is hier nog ander eiendomme op die kerkterrein.

Hier is 2 groot pastorieë. Ds. Riaan woon in een en die ander een word verhuur.

Verder is daar die koffiekamer met 'n 3-slaapkamerwoonstel daaragter, 'n klein 1-slaapkamerwoonstel, verkoopslokale (waarin ook 'n koelkamer is) en die saal.

Die meeste eiendomme het op die oomblik 'n bietjie herstelwerk nodig. Indien jy hiermee kan help, doen asseblief navraag by die kerkkantoor.

Ons koster, Willem Steyn en ons tuinhulp van 41 jaar, Joël Bafiti, het aan die einde van April bedank en 'n heerlike nuwe beroep aanvaar – pensioen! Ons mis hulle reeds, maar hoop dat hulle die nuwe beroep ten volle sal geniet. Baie voorspoed vir julle.

Ria versorg tans die tuin. Sy het 'n tydelike helper, Hans Mfuloane, wat uitstekende werk lewer.

Die NGK Rustenburg-Suid

Die pastorie

Die pastorie wat verhuur word

Die 3-slaapkamerwoonstel

Die 1-slaapkamerwoonstel

HET JULLE GEWEET?

#Die kerk is op sementpilare, ongeveer 20 meter onder die grond, gebou.

#Die aanvanklike kerkgebou was baie kleiner. Later is die 2 vleuels aangebou.

#Die huidige kerkgebou is in die vorm van 'n kruis. Dis maklik om dit binne-in die kerkgebou raak te sien.

#Die simboliek van die kerk: Die klippe in die mure verteenwoordig die "boustene," waarvan in die Bybel gepraat word.

Die lampskerms, wat van die dak naby die preekstoel afhang, verteenwoordig druppels van seën.

DIE JEUGBEDIENING

Dominee Riaan stuur elke week die katkisante se lesse elektronies aan George Loock, wat dit weer op sy beurt aan die ouers stuur. Dit help die ouers om hulle doopbeloftes na te kom: "Om hulle kinders te onderrig en te laat onderrig." Die lesse is ook op die kerk se webwerf beskikbaar.

In die Junior Kruisgenoot word die Sondagboodskap, verjaarsdae en lekker takies gevind. Dit verskyn op die kerk se webblad. George stuur dit ook elektronies aan die ouers, vir hulle gerief. Voor die inperking was dit saam met die Kruisgenoot by die deure beskikbaar en sal ter gelegener tyd weer in gedrukte vorm verskyn.

Die kategete en afloskategete kwyt hulle baie goed van hulle taak. Ons is dankbaar vir die liefde waarmee hulle die katkisante onderrig.

Normale kategeseklasse begin waarskynlik weer in Oktober of November. Hou die aankondigings dop. Beslis 'n hoogtepunt vir almal.

LEKKER TAKIES

VOLTOOI DIE BLOKKIESRAAISEL



DWARS

1 **Josef se pa**
2 **Josef se oudste broer**
3 **'n Geskenk van Josef se pa**
4 **Farao se tweede droom was oor 14 ----------**
5 **Hy het Josef as slaaf gekoop**

AF

1 **Josef se familie het in hierdie land gewoon**
2 **Josef is hierin gegooi**
3 **Josef is hierheen geneem om verkoop te word**
6 **Farao het gedroom 7 koeie was ----------**

Die regte antwoorde is op die laaste bladsy.

Voltooi die prent aan die regterkant sodat dit soos die prent aan die linkerkant lyk. Teken nog 3 virusse by met oranje, bruin en pers.

DIE KERK IS WEER OOP VIR DIENSTE.

Ons is dankbaar dat ons vanaf 27 September (na 6 maande) weer met dienste in die kerk kon begin. Alles het perfek verloop. Die banke en ander meubels is voor die diens afgestof en met ontsmettingsmiddel bespuit, bywoningslyste is ingevul en ontsmettingsmiddels vir hande was by die deur beskikbaar. Die buitedeure was oop om goeie ventilasie te bevorder. Al die gemeentelede het saamgewerk, hulle maskers gedra en sosiale afstande gehandhaaf.

COVID-GEVALLE IN ONS KERK

Tans is ons bewus van ongeveer 10 gemeentelede wat die virus opgedoen het. Ons is dankbaar om te berig dat almal slegs matige simptome ondervind het en volkome herstel het.

AFSKEID

Ons het met leedwese afskeid geneem van 'n paar gemeentelede. Die volgende lidmate het in 2020 na 'n beter oord verhuis:

Elizabeth Weyer, Koos van der Merwe, Jan Kotze, Naomi van Wyk, Jan Grobbelaar en Frik Wolmarans.

OPSOMMING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KERK

(Let asseblief daarop dat sommige take oorvleuel.)

Ria de Lange
Marie Williams

FINANSIES			
Inkomstes Uitgawes	Munisipale rekeninge, ens.	Belegging	Verhurings
Fondsinsamelings: basaar, kattebakverkope, wildsfees, safari-etes op Vrydae, lentetee, spaarhouertjies (tiende maand), fliekaand (The Overcomer), Bybelgenootskap: Stap vir Bybels.			
EIENDOMME			
Instandhouding			
EREDIENS			
Liturgie	Voorsang	Aflosleraars	Lentesangdiens
Orreliste	Kerssangdiens	Belydenisaflegging	Pinkster
Kerkraadstoerusting	Lydensreis	Nagmaal	
DIENSVERHOUDINGE			
Pligtestate	Klagtes	Salarisse	Personeelaan-geleenthede
Wetlike sake	Verlof	Diensvoorwaardes	
KOMMUNIKASIE			
Kruisgenoot	Junior Kruis-genoot	Inligtingsvorm vir Nuwe Lidmate	Die Skakel
SPESIALE PROJEKTE			
Dagbestuur (Ouderlinge),	Finansies		
DIE JEUG			
Kontrole oor kategese bywoning	Uitstappies	Gebruik jeug met talente in die kerk	Toerusting aan kategete (Opleiding en registrasie)
Kerkraad besoek katkisasieklasse/hou toesig	Junior Kruisgenoot	Fondsinsamelings (Koekverkopings)	

UITREIK EN VERSORGING			
Senior onthaal (Oktober)	Kerkraadslede Dienswerkers	Kleipotbediening Besoeke in wyke	Huis Sering (Godsdiensbeurte)
Konsistorieboek Kollektes	Begrafnisse Siekebesoeke	Silwerkrone (Huis Sering)	
Sending: Robbertzes: Tanzanië, Feba-radio, Geopende Deure, Bybelgenootskap			
ALIMENTASIE			
Lidmate (soos nodig)	CMR	Huis Sering	Rusoord
KERKRAAD			
Jaarprogram	Bestuursmodel	Beplannings: 3 maande vooruit	
Geestelike onderskeiding en leiding, versorging, bestuur, toesig			
ADMINISTRASIE			
Blombeurte	Teebeurte	Aflosleraars	Orreliste (Alos)
Bewyse van lidmaatskap	Jaarprogram	Verhurings	Die Kruisgenoot

ANTWOORDE VAN DIE BLOKKIESRAAISEL